NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 15 – Uitgawe 17

2 Junie 2022

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

# Al gaan woon ek in die verre weste, ook daar lei u hand my

**In Psalm 139 vers 1 lees ons: *Here, U sien dwarsdeur my, U ken my. Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit...* Ons lees verder in vers 3: *Of ek reis en of ek oorbly, U bepaal dit, U is met al my paaie goed bekend.* In verse 8 tot 10 lees ons weer: *Klim ek op na die hemel, is U daar, gaan lê ek in die doderyk, is U ook daar. Vlieg ek na die ooste, of gaan woon ek in die verre weste, ook daar lei u hand my, hou u regterhand my vas.***

Oor die afgelope maand het die woorde van Psalm 139 vir my 'n spesiale betekenis gekry. In die woorde van die digter het ons in die verre weste gaan woon. Ons het die keuse gemaak om na Wes-Australië te verhuis.

Die ingrypende keuse het met baie sielswroeging en onsekerheid gepaard gegaan. Is dit die regte besluit vir ons en ons kinders? Wat van die oupas en oumas, broers en susters wat ons in Suid-Afrika agterlaat? Wat van die gemeente waarin ek gedien het en die kerk in sy geheel? Ook hier waar ons in Bunbury, Wes-Australië, vir die afgelope maand woon, lê ek aande wakker en wonder: Het ons die regte besluit geneem?

In daardie oomblikke wanneer die verlange en twyfel die grootste is, vind ek troos in die woorde van Psalm 139. Hier in Australië is alles nuut en onbekend. Dit wat voorheen troos en rus gebring het, is duisende kilometers weg. Ons gesin begin as't ware oor – 'n nuwe land, 'n nuwe dorp, 'n nuwe werk, kerk, skool, kultuur en taal. Tog weet ons dat God nie nuut en onbekend is nie. Ons weet dat Hy troos en rus bring waar jy jou ook al in die wêreld bevind. Vlieg ons na die ooste, of gaan woon ons in die verre weste, ook daar lei sy hand ons. En al begin ons oor, in 'n vreemde land, begin ons nooit oor met God nie. Voorheen het Hy ons in sy regterhand vasgehou, en steeds hou Hy ons vas en veilig hier in Australië. Hy is steeds dieselfde getroue Vader wat ons paaie vir ons vooruit loop. Ons kan dit met sekerheid van God bely omdat ons Hom so leer ken in sy Woord en in Christus.

Die wete neem nie soseer die onsekerheid en verlange onmiddellik weg nie. Dit maak dit egter moontlik om voluit 'n nuwe toekoms hier en nou te bou vir ons en ons kinders. Dit maak dit vir ons moontlik om deur die moeilike tye te werk omdat ons weet dat ons nie aan die lotgeval uitgelewer is nie. God het ook 'n doel met ons hier in Australië.

Die digter van Psalm 139 het gedurende omswerwinge ontdek dat God altyd teenwoordig is. Dié wete vertroos en versterk hom. Net so het ons in Australië weer opnuut besef dat God altyd met ons is. Sonder dat ons vra of dit verdien, loop Hy die pad van lewe met ons. Dié wete versterk en vertroos ons. Dié wete vul ons met dankbaarheid.

Daarom sal ons ook poog om uit dankbaarheid iets van God se teenwoordigheid sigbaar te maak in ons nuwe tuiste hier in die verre weste.

**Ds Petrus Dreyer, Australië**

